higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

PAS- EN DRAAIWERK
NKR VLAK 2

(6011042)

12 Maart 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

NCV

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Berantwoord elke vraag op ‘n NUWE bladsy
5. Skryf netjies en leesbaar.

NCV

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings in verband met goeie huishouding in die werksplek. WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Maak masjiene en gereedskap na gebruik skoon.

1.1.2 Stoor gereedskap en toerusting in hulle aangewese plekke.


1.1.3 Maak seker dat die vloere vry van olie en ghries is.

1.1.4 Plaas toerusting in die rooi geverfde area van die werkswinkel.

1.1.5 Goeie huishouding beteken die netjies hou, alles in plek en vry van gevare hou van die werkplek.

(5 × 1) (5)

1.2 FIGUUR 1 toon 'n slypwiel met spesifieke merke. Benoem (A-C) in die ANTWOORDBOEK.



FIGUUR 1

(3)

1.3 Noem die VYF faktore wat oorweeg moet word wanneer 'n slypwiel gekies word. (5)

1.4 Noem TWEE funksies van snyvloeistof wanneer slypwerk gedoen word. (2)

1.5 Teken 'n netjies benoemde figuur van 'n Acme skroefdraad.
Toon die volgende benaminge:

Die steek, die hoek van die draad en die diepte van die draad. (5)

1.6 Snytappe word gebruik om binneskroefdraad te sny.


Noem die DRIE snytappe wat in 'n stel aangetref word. (3)

1.7 Noem die funksie van 'n soliede snymoer. (2)

[25]

VRAAG 2

2.1 FIGUUR 2 toon ‘n staan tipe boormasjien. Benoem die items (A–F) in die ANTWOORDBOEK.



FIGUUR 2 (6)

2.2 Noem DRIE kontroles wat vooraf op ‘n staan tipe boormasjien uitgevoer moet word voordat enige boorwerk gedoen kan word. (3)

2.3 Bereken die asspoed in omwentelinge per minuut vir die boor van ‘n gat, 8 mm in deursnee, op ‘n aluminium plaat.
Die snyspoed vir aluminium is 50 m/min. (5)

2.4 Terwyl jy met ‘n staanboormasjien werk, merk jy op dat die masjien ‘n ongewone vibrasie het.

Noem VYF moontlike probleme wat kan veroorsaak dat die masjien vibreer. (5)

2.5 Teken en benoem die volgende tipes spye:

Woodruff-spy; neusspy en ‘n tapse spy. (3 × 2) (6)





[25]

VRAAG 3

3.1 Noem VYF stukke persoonlike beskermende toerusting wat 'n draaier moet gebruik terwyl hy met die senterdraaibank werk. (5)

3.2 Noem VYF stukke snygereedskap wat op 'n senterdraaibank gebruik word. (5)

3.3 Kies 'n woord uit KOLOM B wat by 'n tekening in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-H) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A	KOLOM B
3.3.1 	A driekloukop
	B kraansleutel
	C teëhouer
	D koeëlsenter
	E voorsnyer
3.3.2 	F kloukopsleutel
	G vierkloukop
	H draaisenter
3.3.3 	
3.3.4 	
3.3.5 	


(5 × 1) (5)

3.4 Verduidelik hoe 'n kartelwieletjie op 'n draaibank opgestel word. (5)

3.5 Noem VYF redes waarom dit belangrik is om 'n draaibank skoon te maak nadat dit gebruik is. (5)
[25]

VRAAG 4

4.1 FIGUUR 3 toon ‘n freesmasjien.



FIGUUR 3

4.1.1 Benoem items (A–F) in die ANTWOORDBOEK.

4.1.2 Noem wat ‘X’ ‘Y’ en ‘Z’ in FIGUUR 3 verteenwoordig.

(2 × 6) (12)

4.2 Noem VYF masjineringsoperasies wat op ‘n freesmasjien uitgevoer kan word. (5)

4.3 ‘n Gleufsnyer is ‘n snytoestel wat op ‘n freesmasjien gebruik word.

Teken ‘n gleufsnyer en toon die snyrande en die rigting van rotasie wat vir sny gebruik word. (4)

4.4 Noem VIER faktore wat oorweeg moet word wanneer die spoed op ‘n freesmasjien gekies word. (4)

[25]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou